# H O O F S T U K II.

## DIE TYDPERK 1900 - 1906. KROONKOLONIALE BESTUUR.

### 1. INLEIDING.

Die driejarige oorlog (1899-1902) het in die Transvaal 'n algehele ontwrigting op alle gebiede van die samelewing meegebring, en as noodsaaklike gevolg hiervan is ook die onderwys geheel en al ontwrig. Die ou stelsel, die van die Suid-Afrikaanse Republiek, wat onder du Toit en Mansvelt sulke hoogtepunte bereik het, het van die toneel verdwyn. Slegs op enkele plekke was daar nog skole aan die gang wat volgens die ou stelsel voortgegaan het, maar van 'n stelsel assodanig kon daar geen sprake meer wees nie.

Dadelik nadat die Engelse vaste voet in die twee republieke, die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, gekry het, het die owerhede planne begin beraam[1] om 'n nuwe onderwysstelsel in te voer, 'n stelsel wat deurgaans Engels georiënteerd was, en die hoofdoel waarvan die anglisering van die toekomstige burgers, sowel t.o.v. taal as lewensbeskouing, was.

Gedurende die eerste jare moes daar tot 'n groot mate in die duister getas word en is daar foute begaan wat later in die lig van opgedane ervaring hersien en herstel moes word. Nogtans is 'n taamlik doeltreffende stelsel al dadelik ontwerp wat tot 'n sekere mate aan die vooropgestelde eise van die veroweraar voldoen het, en wat ten minste 'n deel van die bevolking - die Engelssprekendes - bevredig het. Die Hollands-Afrikaanse deel van die bevolking kon hulle nie met die stelsel vereenselwig nie, en kort nadat die vrede gesluit is en omstandighede dit moontlik gemaak het, het daar 'n eie selfstandige onderwysstelsel van laasgenoemde deel van die bevolking ontstaan,[2] ontwerp volgens hulle eie lewens- en wêreldbeskouing, en aangepas by hulle volksaard en godsdienstige oortuigings, die C.N.O.-stelsel.

---

1) Sekretaris van die Transvaalse Administrasie, Korrespondensieleêr 420/1901.
2) Coetzee, J.C.: Onderwys in die Transvaal, bl. 95.

Om in die behoefte aan onderwysers te voorsien, het die owerheid sy toevlug geneem tot die invoering van onderwysers en onderwyseresse uit Groot Brittanje en ander Britse gebiede[1] en tot die oprigting van Normaalskole vir plaaslike opleiding van leerkragte.

Pogings is ook spoedig aangewend om naturelle-onderwys te sistematiseer.

Om ook maar enigermate 'n sukses van die stelsel te maak, was dit gebiedend noodsaaklik dat inspekteurs van onderwys aangestel moes word om toe te sien dat die verordeninge uitgevoer is, dat daar 'n redelike mate van eenvormigheid was, en dat die vereiste peil in die skole gehandhaaf is.

Om te bepaal of leerlinge die vereiste hoeveelheid kennis vir sekere sertifikate verwerf het, is eksamenstelsels ingestel, sowel vir laer as vir hoër onderwys en vir die Normaalkolleges.

Die doel met hierdie hoofstuk is om te beskryf hoe die Britse owerhede te werk gegaan het om uitvoering aan hulle planne te gee en in hoeverre daar vordering was. Veral word daar gelet op die werk van die inspekteurs, hulle inspeksiemetodes en die eksamenstelsels, maar die aandag word ook bepaal by die algemene onderwystoestande soos aan die lig gebring deur die inspekteurs en die direkteure in hulle onderskeie verslae.

## 2. LAER ONDERWYS.

(a) Kampskole. Reeds teen 1900 het die Engelse 'n gedeelte van die twee republieke in hulle besit gehad. Hulle groot belangstelling in die onderwys blyk daaruit dat hulle dadelik met die oprigting van skole begin het terwyl die oorlog nog in volle gang was. Die kinders was meestal saam met hulle moeders in die konsentrasiekampe byeengebring, en dit was vir die Engelse owerhede die aangewese plek om skole te open. Die skole was op Engelse lees geskoei en Engels moes sover doenlik as voertaal gebruik word. Nogtans was die ouers gretig om hulle kinders na die kampskole te stuur volgens wat E.B. Sargant, die eerste ingevoerde direkteur van onderwys van

1) Verslag T.O.D. 1900 - 1904, bl. 8.

die Engelse, meedeel.[1]

Toe Sargant deur lord Milner hierheen ontbied is, en in November 1900 hier aangekom het, het hy gevind dat die militêre administrasie feitlik nog geen voorsiening vir die onderwys gemaak het nie. Aan Sargant is opgedra om sodanige voorsiening te maak in sowel die Oranje-Rivier-Kolonie as in die Transvaal.[2]

Op 2 Maart 1901 het Sargant in 'n omsendbrief „Instructions for the Headmasters or Temporary Assistants to the Education Department, Orange River Colony,"[3] opdrag gegee om waar moontlik skole in kampe op te rig. Tente moes vir die doel gebruik word. Die vakke en leerplanne moes wees soos die van die Kaap-Kolonie. Engels moes die voertaal wees.

Geleidelik het die aantal kinders in die skole vermeerder sodat die departement van onderwys net voor die vrede (Mei 1902) aan 27,940 leerlinge in die Transvaal onderrig verskaf het, van wie meer as 17,000 in die kampskole was.[4]

Na die beëindiging van vyandelikhede is die inwoners geleidelik na hulle vorige tuistes gerepatrieer, en so het die kampskole leeggeloop en dwarsdeur die land moes skole opgerig word.

(b) <u>Inspekteurs en Hulle Werk.</u>

<u>(i) Inspekteurs:</u> Om oor die kampskole toesig te hou, is daar vir die verskillende groepe skole organiserende inspekteurs aangestel. In sommige kampe het die skole skade gely as 'n gevolg van die onsimpatieke houding van die superintendent. Die verhouding tussen die inspekteur en die superintendent was nie altyd so hartlik as wat wenslik was nie.[5] Die superintendent moes na alle sake rakende die kamplewe omsien. Onderwys was dus maar 'n onderdeel van sy taak, en dit het nie altyd die nodige aandag ontvang nie, sodat daar soms wrywing tussen hom en die inspekteur ontstaan het. Op die konferensie waarop hierdie feite aan die lig gekom het, is besluit om lord

1) Verslag van die Transvaalse departement van Onderwys, Nov. 1900 - Feb. 1904, bl. 4.
2) Ibid., bl.4.
3) Sekretaris van die Transvaalse Administrasie, lêer 420/1901.
4) Verslag van die T.O.D., 1900-1904, tabel op bl. 12-13.
5) Verslag van Inspekteurskonferensie gehou op 18 en 19 Des. 1901 te Bloemfontein. Sekretaris van die Transvaalse

Milner te vra om die kampsuperintendente per omsendbrief te versoek om meer aandag aan die saak van die onderwys te skenk.

Stadigaan is die aantal inspekteurskringe vermeerder namate die inskrywings in die kampskole toegeneem het. So is daar op 14 Augustus 1901 reeds deur die Uitvoerende Raad besluit[1] om twee addisionele inspekteurs in diens te neem.

In die Oranje-Rivier-Kolonie is die stelsel van organiserende inspekteurs afgeskaf toe die kampskole gesluit is, maar in die Transvaal is dit gebruik vir die ontwikkeling van skole op die platteland waarheen die vroeëre kampbewoners gerepatrieër is.[2]

In November 1902 was daar twaalf inspekteurs in die Transvaal, en hulle salarisse het gevarieër van £500 tot £650 per jaar. Hulle name, vir sover uit die korrespondensielêers van die Sekretaris van die Transvaalse Administrasie blyk, was: J.F. Acheson,[3] C.A. Bangley, W.E.C. Clarke, H.S. Cooke, T.G. Ligertwood, H.P. Mills, J.A. Richey, J. Robinson, Ambrose White, Archbold, McIntosh en O'Malley.[4] J.H. Corbett wat inspekteur van kampskole in Natal was, is ook na die Transvaal oorgeplaas. Op die inspekteurskonferensie van 18 Februarie 1902 is ook van twee inspektrises melding gemaak[5] wie se plig dit was om oor die belange van die onderwyseresse en skooldogters toesig te hou; hulle moes hulle egter nie met die werk van die inspekteurs bemoei nie.

In Januarie 1903 is H.S. Scott as organiserende inspekteur in die Ermelose distrik aangestel en kaptein Bruce in die Rustenburgse distrik[6] in die plek van W.E.C. Clarke wat tydelik aangestel is as superintendent van naturelle-onderwys vanaf 1 Februarie 1903.[7] In Pretoria-stad is H.S. Cooke in 1903

---

1) Executive Council Minutes, 14 Augustus 1901.
2) Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1900-1904, bl.17.
3) In die jaarverslag vir 1903, bl.1, is gemeld van J.F.Acheson, in die verslag vir 1904 en daarna word gepraat van C.H. Acheson. Ek kon nie uitvind of dit dieselfde persoon is nie.
4) Laasgenoemde drie se voorletters is nie gegee nie.
5) Sekretaris van die Transvaalse Administrasie Korrespondensielêer 2186/1902.
6) Jaarverslag Transvaalse Onderwysdepartement 1903, bl. 1.
7) Jaarverslag Transvaalse Onderwysdepartement 1903, bl. 61.

aangestel en in Pretoria-distrik S. Mansfield.

In Februarie 1906 het Clarke waarnemende sekretaris van die onderwysdepartement geword[1] en vanaf daardie tyd is die betrekking van superintendent van naturelle-onderwys opgehef en het die inspeksie van naturelleskole definitief in die hande van die distriksinspekteurs oorgegaan. Voorheen was die distrikinspekteurs reeds hier en daar behulpsaam daarmee, maar nou is hulle werk sodanig uitgebrei dat daar hulp verskaf moes word. Vier onder-inspekteurs is aangestel[2] sodat daar, tesame met die tien inspekteurs en die hoof van die Pretoriase Opleidingskollege, vyftien persone was wat inspektorale rang beklee het. Ook is 'n dame, mej. A.M.E. du Boulay, as onder-inspektrise aangestel,[3] veral om toesig oor naaldwerk en ander huishoudelike vakke te hou.

In die begin van 1906 was die Transvaal in die volgende tien kringe verdeel met inspekteurs as volg:[4]

| | |
|---|---|
| Barberton | H.P. Mills |
| Heidelberg | T.G. Ligertwood |
| Johannesburg en Rand | F. Handel Thompson |
| Klerksdorp | J.H. Corbett |
| Pietersburg | S.O. Purves |
| Pretoria-stad | H.S. Cooke |
| Pretoria-distrik en Middelburg | S. Mansfield |
| Potchefstroom | H.S. Scott |
| Rustenburg | M. White |
| Volksrust | J.D. Kerrich. |

(ii) Pligte van die Inspekteurs: Met die oog op uniformiteit het die inspekteurs dikwels samesprekings gevoer. Op die vergadering van 18 Februarie 1902[5] het die direkteur die inspekteurs versoek om hom van rapporte oor alle onderwysers, Engelse sowel as Hollandse, te voorsien sodra hulle die geleentheid gehad het om die onderwysers te leer ken. Behalwe hierdie

1) Jaarverslag Transvaalse Onderwysdepartement 1906, bl. 13 Kyk ook bl. 73 infra.
2) Jaarverslag Transvaalse Onderwysdepartement 1906, bl. 13
3) Ibid., bl. 14.
4) Ibid., bl. 15.
5) Sekretaris van die Transvaal Administrasie Korrespondensieleer 2186/1902.

opdrag is die pligte van die inspekteurs deur Sargant as volg beskryf:[1]

„They came and went between the Education Departments and the camp schools over which they had control. Sometimes they were summoned singly; at other times they met at Pretoria, Johannesburg, or Bloemfontein as a body. It was in these conclaves that ideas as to future educational policy were discussed and agreed upon, and that enthusiasm for the spread of the schools was developed. In the absence of such meetings it would have been impossible to do without a code and the usual apparatus of regulations which is associated with every settled Education Department. Financial estimates were prepared by these officers every month."

Die ontwikkeling en welvaart van die onderwys in die kampskole het dus in die eerste instansie van die toegewydheid en entoesiasme van die inspekteurs afgehang.

Na die afloop van die oorlog en die sluiting van die kampskole, was die funksies van die plaaslike organiserende inspekteur[2]:

(1) om die begeerte na onderwys in sy eie gebied aan te wakker;
(2) om die voorwaardes te reël waarop skole geopen kon word;
(3) om onderwysers en materiaal te verskaf;
(4) om oorsake van wrywing uit die weg te ruim as die skool geopen is, en om met die skoolkommissie saam te werk;
(5) om 'n wakende oog te hou oor die gesondheid, liggaamlik en geestelik, van die onderwysers.
(6) om eintlike inspeksiewerk te doen.

Waaruit die „eintlike inspeksiewerk" moes bestaan, is hier nie nader omskryf nie, maar meer besonderhede is gegee in die Regulasies van die Onderwysdepartement van die Oranje-Rivier-Kolonie (1903),[3] en aangesien Sargant toe nog aan die hoof van albei onderwysdepartemente gestaan het, kan veronderstel word dat dit ook was wat hy beoog het t.o.v. die Transvaalse inspekteurs.

Die inspekteur moes toesien dat die leerplanne gevolg word. Die hoof moes maandeliks eksamen hou en moes die vrae en

1) Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1900-1904, bl. 16.
2) Ibid., bl. 17.
3) Verslag van Transvaalse Onderwysdepartement 1900-1904, bl.30,

antwoorde vir insae van die inspekteur bewaar. Die hoof kon daarop oorplaas, maar oorplasings moes liewer gelyktydig plaasvind aan die einde van die jaar.

Die inspekteur sou gewoonlik die doeltreffendheid van 'n skool beoordeel deur ondersoek in te stel na die organisasie, die klassifikasie en die metodes van onderrig wat gevolg is, en ook die vordering van die leerlinge soos geblyk het uit hulle maandelikse eksamenskrifte. Hy kon egter ook, as hy dit nodig geag het, 'n individuele eksamen afneem waarby hy op besonderhede ingegaan het om sodoende die peil van enige klas of klasse te wete te kom.

Uit die regulasies blyk dit dat Sargant die moeilikheid besef het om die verhouding tussen inspekteur en hoof te bepaal. 'n Onbekwame hoof moes sonder genade deur die inspekteur op sy onbekwaamheid gewys word; maar as 'n goeie hoof se werk in besonderhede nagegaan sou word, kon daar slegs kwaad uit voortvloei. Individuele inspeksie moes dus net ingestel word as daar agterdog bestaan het dat die metodes verkeerd was, dat die klassifikasie nie in orde was nie of dat die skoliere nie wakker en aktief was nie. Oorplasing moes deur hoof en assistente geskied. Die inspekteur moes na inspeksie die personeel as 'n geheel toespreek oor algemene sake rakende die welvaart van die skool. Met die hoof afsonderlik moes hy sake bespreek rakende individuele onderwysers en ander sake van vertroulike aard.

Hierdie opvatting kom grootliks ooreen met die huidige praktyk, en dit is duidelik dat dit ooreengekom het met die opvattings wat destyds in Engeland gangbaar was waar oorplasing deur die inspekteurs in 1895 afgeskaf is en die Board of Education in 1901 gewaarsku het dat alle skriftelike eksamens slegs deur die onderwysers afgeneem moes word.[1)]

Sargant het in die regulasies beweer dat in Engeland

„it became clear to me that the mechanical nature of the teaching in most elementary schools in the 'eighties' was directly traceable to undue interference of the Inspectorate in the details of school work, and particularly to the system which removed out of the hands of the head teachers the individual examination of scholars."

1) A.E.C. & N.U.T.: Examinations in Public Elementary Schools, bl. 8 en 9.

Dieselfde toestand het hy nog op sommige plekke teëgekom, en hy het daarteen gewaarsku.

Uit die bogenoemde blyk dat Sargant 'n gesonde insig gehuldig het t.o.v. die verhouding van inspekteur tot hoof en t.o.v. eksamens en oorplasing. Dat sy opvattings egter oor die algemeen nie in die praktyk toegepas is nie, kan afgelei word uit die feit dat daar in 1905 weer regulasies vir die inspeksie en eksaminering van laerskole uitgevaardig is,[1] wat hierdie sienswyse opnuut moes beklemtoon.

H. Warre Cornish, wat toe waarnemende direkteur was, het as volg geskryf[2]:

„The examination of all scholars individually by the Inspector once a year, according to certain set standards, is an institution which has been generally discontinued in other countries outside South Africa, but which it was considered expedient to adopt at the first stage of the Department's work as a provisional matter until the organisation of the schools should have taken a more substantial shape. <u>It has now been replaced</u> by the method of inspection indicated in the Regulations. ...... The change is one of fundamental importance." (Ek onderstreep).

Hy het daarna die nadele van indiwiduele inspeksie deur inspekteurs opgesom, en oa. gesê

„it requires the teacher to base the promotion of scholars upon the impression formed by an Inspector as the result of a single cursory examination, rather than upon his own opinion of their proficiency based upon an intimate knowledge of each child's capacity verified by frequent class examinations."

Volgens die regulasies van 1905 is indiwiduele eksamens deur inspekteurs dus opgehef, op papier altans, en die volgende stelsel van skoolorganisasie en inspeksie is ingevoer vanaf Julie 1905: Minstens veertien dae voor die begin van elke kwartaal moes die klassifikasie van leerlinge, die werkskemas, die verdeling van die personeel oor die klasse, en die roosters vir daardie kwartaal aan die inspekteur voorgelê word. 'n Weeklikse verslag van gedane werk moes bygehou word. Leerlinge kon deur die hoof oorgeplaas word, onderworpe aan die goedkeuring van die inspekteur. Die normale tyd van oorplasing was aan die begin van die skooljaar.

Twee keer per jaar moes daar formele inspeksie van elke

1) Jaarverslag T.O.D. 1905, bl. 46, bylaag H.
2) Ibid., bl.10.

skool gehou word. Die eerste keer moes die inspekteur veral ondersoek instel na die manier waarop die skool ingerig is, die organisasie, leerplanne, klassifikasie, ens. Die tweede keer moes hy sy aandag wy aan die resultate van die onderrig. Van die tweede besoek moes vooraf kennis gegee word, van die eerste nie.

Na elke formele inspeksie moes die inspekteur aan die direkteur 'n verslag oor die skool voorlê. 'n Afskrif van die verslag moes aan die betrokke hoof, en een aan die skoolkommissie gestuur word.

Op 10 Julie 1905 het John E. Adamson, hoof van die Pretoriase Opleidingskollege, direkteur van onderwys geword.[1] Ook hy het in die inspekteur veel meer gesien as 'n rondreisende eksaminator en die ideaal nog hoër gestel as sy voorgangers. Sy opvatting i.v.m. die funksie van die inspekteur het hy in sy eerste jaarverslag uiteengesit.[2] Hy het o.a. gesê:

> „How the curriculum and the other forces can best be adapted to varying needs is left, where it must always ultimately lie, with teachers and inspectors. It is through inspiration, through conferences, through quiet talks, rather than through Departmental regulations that the highest vitality of the schools can be secured. To throw into clear perspective what a teacher is doing, to point to what he should be doing, and to suggest with such detail as the case requires how it may be attempted, is the first duty of the Inspector."

Adamson sou graag sien[3] dat die aantal inspekteurs en hulle besoeke aan skole verdubbel, ja selfs vervierdubbel word, maar nie die inspeksie self nie. As 'n inspekteur 'n skool slegs een keer per jaar besoek het, was dit nie voldoende om sy vormende invloed op die werk van die onderwysers te laat geld nie, en dit was tog die belangrike saak. Hy moes nie soseer 'n inspekteur wees nie as wel 'n professionele raadgewer en organiseerder. Daarvoor was daar, volgens Adamson, met die toe heersende inspeksiemetodes, geen geleentheid nie. Die inspekteur moes die kroon van die onderwyspersoneel wees, 'n meester van organisasie en metode eers, en daarna 'n verslaggewer.

Adamson het hier reeds die opvatting gehuldig wat deur

1) Executive Council Minutes, 12/7/05, bl. 19, besluit 1198, en ibid 24/1/06, bl. 36, besluit 135.
2) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 46.

Bolton, Cole en Jessup[1] in 1937 as volg uitgedruk is: „Through his contagious enthusiasm he should be a constant stimulation to every teacher in the corps." Hierdie opvatting van die werk van die inspekteur was in die begin van die eeu ook reeds gangbaar in Engeland. Ballard sê [2]: „And its (the Board of Education's) inspectors changed too. Instead of being detectives they became missionaries. ...... It was true that they inspected as well. But the inspection was done perfunctorily; the preaching, con amore."

Behalwe hulle professionele werksaamhede het die inspekteurs aanvanklik ook hulle hande vol gehad met administratiewe werk wat later deur skoolkommissies en skoolrade verrig is. Hulle moes plekke uitkies[3] waar skole opgerig moes word, hulle moes toesien dat die geboue opgerig word en dat daar onderwysers gevind word.

Een keer per kwartaal moes die inspekteur die ouers van elke skool in sy kring ontmoet.[4] Dit is gevoel dat sulke ontmoetings vertroue bewerkstellig het tussen die departement (deur middel van sy amptenare) en die publiek. Die inspekteurs het dus die meeste hoofde van gesinne in hulle kring geken, en hulle, en deur hulle die departement, was dadelik op hoogte van enige uiting van die openbare gevoel t.o.v. enige opvoedkundige vraagstuk. Met die instelling van die skoolrade op 1 Junie 1906[5] het hierin verandering gekom. Die rade is belas met die oprigting van nuwe skole, voorsiening van onderwysers, en ander nie-professionele werk soos die uitmaak van beursstate, sodat die inspekteur daarna vir die grootste gedeelte net in aanraking met die binnekant van die skool, d.w.s. met leerlinge en onderwysers, gekom het. Die inspekteur het dus nou eers in die werklike sin van die woord 'n inspekteur geword.[6] Die verdeling van die werk tussen skoolraad en inspekteur was duidelik: die raad het onderwys moontlik gemaak, die inspekteur het dit doeltreffend gemaak.

1) Bolton, Cole & Jessup: The Beginning Superintendent., bl. 49.
2) Ballard, P.B.: The Changing School, bl. 231.
3) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 3.
4) Ibid., bl. 3.
5) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 158 e.v.
6) Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 9.

Onder-inspekteurs is kort na die afloop van die oorlog, d.w.s. in 1903, aangestel[1] om die organiserende inspekteurs behulpsaam te wees toe die werk van organisasie en opbou nog in die beginstadium was en die inspekteurs nie alles kon behartig nie. Die onder-inspekteurs was die hoofde van die vernaamste skole in elke distrik en is dus ook genoem distrikshoof-onderwysers. Behalwe dat hy sy eie skool moes behartig, moes so 'n distrikshoofonderwyser ook die ander skole in sy distrik besoek, hulle help organiseer, en die onderwysers van raad bedien. Vir hierdie poste is talle jong manne uit Engeland gestuur.[2] Dit was veral aantreklike poste vir gegradueerdes met enige onderwysondervinding.

Dit het al gou geblyk dat die distrikshoofonderwysers feitlik niks aan onderrig in hulle skole kon doen nie[3] aangesien al hulle tyd in beslag geneem is met die oprigting van nuwe skole en met algemene organisasiewerk. In die verslag oor die jaar 1903 het die direkteur reeds sy twyfel uitgespreek of die poste sou kan bly voortbestaan as die groot organisasiewerk eers afgehandel was. Ook die organiserende inspekteurs het die reëling onpraktics gevind want die een of die ander van die pligte moes noodwendig afgeskeep word daar die afstande tussen die skole te groot en vervoer maar stadig was.

Daar was ook nog ander praktiese besware teen die stelsel:[4]

(a) Daar het afguns ontstaan tussen die verskillende dorpskole oor watter een die hoof van die distrik moes wees.

(b) Onderwysers was gekant teen die idee dat 'n ander wat 'n moontlike mededinger, en in ieder geval 'n kollega was, ook hulle inspekteur moes wees.

(c) Die hoofde moes te veel rondreis. As hulle skole sonder hulle kon voortgaan as hulle op reis was, wat moes hulle dan doen as hulle daar was?

(d) Inspeksie het dikwels geskied deur onbevoegde persone, sommige van wie maar die derdeklas sertifikaat besit het.

---
1) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 2.
2) Ibid., bl.2, en verslag 1900-1904, bl. 17.
3) Ibid., 1903, bl. 2.
4) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, bl 310. Die besware is opgesom deur W.A. Russell, destyds asst.-direk-

Vroeg in 1905 is die stelsel dan ook finaal afgeskaf[1] deur Warre Cornish wat destyds waarnemende direkteur was.

<u>(c) Eksamens.</u> Van die een standerd tot die ander in die laerskool is die kinders deur die hoofde bevorder, onder toesig en beheer van die inspekteurs, soos bepaal in die regulasies van 1903.[2]

In die jaarverslag vir 1904[3] is 'n tabel gegee om aan te toon hoeveel kinders in elke standerd eksamen afgelê het in elke kring, en hoeveel geslaag het. Opvallend is dit dat slegs ongeveer 50% van die ingeskrewe leerlinge eksamens afgelê het, maar aangesien die benede-standerds nie gegee is nie, kan aangeneem word dat die orige 50% nog in die grade was. Van die wat wel eksamen afgelê het, was ongeveer 75% suksesvol. Aangesien kennis van Engels die vernaamste vereiste was om te slaag, toon bogaande syfers dat sodanige kennis reeds goed gevorder het teen 1904.

In 1905 is daar nuwe regulasies uitgevaardig vir die inspeksie en eksaminering van laerskole.[4] Aan die einde van elke kwartaal moes die hoof 'n skriftelike en 'n mondelinge eksamen hou van elke klas in die skool oor al die werk van daardie kwartaal. Die uitslae hiervan moes op 'n voorgeskrewe vorm aan die inspekteur gestuur word. 'n Afskrif van die punte moes tesame met die eksamenskrifte in die skool bewaar word. Op die inspekteur se tweede besoek in 'n jaar moes die hoof aan hom 'n lys voorlê van name van leerlinge wat bevoegd was om st. drie of hoër deur te kom. Die inspekteur moes hulle dan eksamineer soos hy goedgevind het, na hulle skoolskrifte en eksamenskrifte kyk, en dan aan die direkteur rapporteer wie bevoegd was. Die direkteur sou dan aan hulle sertifikate van bevoegdheid (certificates of proficiency) uitreik vir st. III of hoër.

In 1906 het Thompson verklaar[5] dat dit op die Rand baie

---

1) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, bl.310.

2) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 107 e.v.
3) Bylaag H, bl. 65 e.v.
4) Kyk bl. 46, supra.

bevredigend toegegaan het met die kwartaaleksamens en met die oorplasings in die hande van die hoofde.

(d) Ordonnansie no. 7 van 1903[1] was die eerste werklike poging om onderwys in die Transvaal te sistematiseer. Solank die oorlog nog aan die gang was, was daar nie die nodige geleentheid om 'n onderwyswet te passeer nie, en in die begin was Sargant se werk van organisasie te veeleisend vir hom om aan die saak die nodige aandag te skenk.

Die ordonnansie het betrekking gehad op sowel die goewermentskole as die skole wat nog steeds geweier het om hulself onder die departement te stel. Van laasgenoemde het die luitenant-goewerneur, Sir Arthur Lawley, by die opening van die eerste sitting van die Uitvoerende Raad o.a. gesê:[2] „The inspection of what I may term non-Government schools will be of a nature neither arbitrary nor harassing." Die regering het besef dat die opkomende geslag in 'n gesonde omgewing en onder gesonde omstandighede moes opgevoed word deur onderwysers van 'n goeie gehalte. Daar sou derhalwe inspeksie van ten minste hierdie faktore wees, asook van die registers omdat dit vir statistiese doeleindes nodig was.

Artikel 1 van die ordonnansie het die luitenant-goewerneur gemagtig om 'n onderwysdepartement in die lewe te roep, wat skole moes oprig, eksamens afneem, e.d.m. Art. 3 het bepaal dat alle onderwysers in staatskole na 1 Januarie 1904 sertifikate of lisensies van die direkteur moes besit wat hulle die reg verleen om onderwys te gee. Volgens artikel 5 moes godsdiensonderrig in alle laer goewermentskole gegee word deur medium Hollands waar verlang, en vir twee uur per week. Artikel 6 het neergelê dat Hollands as vak op versoek van ouers vir drie uur per week aan hul kinders gegee moes word. Artikel 7 het oor privaat skole gehandel. Alle privaat skole met tien of meer leerlinge moes by die departement geregistreer word, en sou te enige tyd toeganklik moet wees vir enige amptenaar wat daartoe van die direkteur skriftelike opdrag gehad het om

1) Staatskoerant no. 197 van 27 Feb. 1903, bl. 426.
2) Legislative Council Hansard, 20/5/03, Debates, bl. 7.

die registers en die sanitêre toestand van die gronde en geboue te inspekteer. In privaat skole moes alle onderwysers na 1 Januarie 1906 sertifikate of lisensies hê, anders kon so 'n skool gesluit word.

As die hoof van enige privaat skool aan die vereistes van die bepalings voldoen het en inspeksie aangevra het t.o.v. sy metodes van onderwys en die opvoedkundige doeltreffendheid van sy skool, sou dit vir die direkteur wettig wees om, as hy met die uitslag van so 'n inspeksie tevrede was, van tyd tot tyd die dienste van spesiale onderwysers, verbonde aan Normaal- of ander goewermentskole. tot die beskikking van so 'n hoof te stel.

Die ordonnansie het voorsiening gemaak vir vry laer onderwys in goewermentskole waar daar minstens 30 kinders tussen die ouderdomme van 6 en 14 jaar was. Voorsiening is ook gemaak vir die benoeming van „Consultive and Advisory" komitees deur die luitenant-goewerneur-in-rade, en hulle funksies en pligte is by regulasie vasgestel.

In die loop van 1903 is daar 'n provisionele kode van regulasies uitgevaardig[1] om uitvoering te gee aan die bepalings van die ordonnansie. Nadat die vakke en die leerplanne vir elke vak uiteengesit is, is daar bepaal dat alle skoliere een keer per jaar indiwidueel geëksamineer sou word in die verskillende standerds en dat sertifikate op die uitslag van hierdie eksamens uitgereik sou word. Deur wie die eksamens afgeneem sou word, is nie gemeld nie, maar in die lig van Sargant se insigte betreffende oorplasing[2] kan aangeneem word dat dit deur die hoofde en assistente gedoen moes word, onderworpe aan die goedkeuring van die inspekteur.

(e) Die Twee Tale: Reeds in die instruksies i.v.m. die oprigting van kampskole is bepaal dat die voertaal in alle vakke Engels moes wees.[3] Kinders is dan ook bevorder volgens hulle kennis van Engels, want 'n jaar na die oprigting van die

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 107 e.v.
2) Bl. 45 supra.
3) Bl. 41 supra.

eerste kampskole, en nog voor die vredesluiting, het die direkteur, toe hy op 25 Maart 1902 'n inspekteursvergadering[1]) toegespreek het, o.a. gesê dat dit geblyk het dat alle inspekteurs die kinders in die eerste plek geklassifiseer het volgens hulle kennis van Engels. Hy het die prosedure goedgekeur, maar hy het aanbeveel dat leerlinge wat reeds te oud vir hulle standerd was, maar wie se kennis van Engels uitermate swak was, en wat derhalwe saam met klein kindertjies gegroepeer sou word, in spesiale klasse geplaas moes word met die doel om so vinnig moontlik te vorder. Die direkteur het terselfdertyd gevra dat daar gedurende die volgende kwartaal 'n eksamen gehou moes word, in die eerste plek t.o.v. bevoegdheid in Engels, en in die tweede plek t.o.v. ander vakke. Die hoof moes die eksamen afneem, maar die inspekteur moes by ten minste 'n deel daarvan teenwoordig wees.

Volgens ordonnansie no. 7 van 1903 kon Hollands as vak onderrig word vir slegs drie uur per week op versoek van ouers. Daarbenewens kon godsdiensonderrig vir twee uur per week deur middel van Hollands gegee word. Vir die res van die tyd, ongeveer 80 persent, was alle onderrig deur middel van Engels.

Die inspeksieverslae oor die jaar 1904[2]) bevat heelwat mededelings oor die vordering op taalgebied. Engels lees was oor die algemeen bevredigend maar nog te meganies. Leesonderrig is afgeskeep by die kleiner kinders. In verband met skriftelike werk in Engels is baie verskillende metodes gebruik. Waar mondelinge werk die skriftelike voorafgegaan het, is goeie vordering gemaak, soos bv. in die Klerksdorp-kring. Spreeklesse het nog te veel ontbreek, hoewel feitlik alle inspekteurs dit aangemoedig het. M. White het gevind[3]) dat baie skole groot hoeveelhede grammatika-oefeninge gegee het, „but there is very little evidence that the child is being taught to think and is learning to express himself."

H.S. Cooke (Pretoria) het gevind[4]) dat „more freedom in

1) Sekretaris van die Transvaalse Administrasie, korrespondensieleêr 2834/1902.
2) Jaarverslag T.O.D., 1904, bl. 31-42.
3) Ibid., bl. 36.
4) Ibid., bl. 40.

speech is apparent when questions are put to the scholars, and considerable adaptability of expression has been evidenced both in written work in school and in the letters which form part of a regular oversea correspondence organised with scholars in the British Isles, other colonies, Holland, and the United States." Hier is dan 'n poging aangewend om die skoolwerk in verband te bring met die lewe buitekant die skool, heeltemal in ooreenstemming met beginsels wat toe reeds al deur Dewey in Amerika verkondig is,[1] hoewel nie juis in dieselfde rigting as deur Dewey uiteengesit nie.

I.v.m. Hollands het almal die gebrek aan Hollandse boeke betreur. Die inspekteurs het veelal gekla dat taal en opstel nie genoeg aandag ontvang het nie.

Die meeste inspekteurs en baie onderwysers het geen Hollands geken nie, sodat dit nie vreemd is dat Hollands as vak gely het nie. Deur sommige van die Engelssprekende inspekteurs is die noodsaaklikheid van kennis van Hollands vir die inspekteurs beklemtoon,[2] en is ook daarop gewys dat die Engelse onderwysers Hollands magtig behoort te wees.[3] Nogtans was die onderwysers, volgens Kerrich, geensins ywerig om hulle op die aanleer van Hollands toe te lê nie.

In die inspeksieverslae van 1906[4] word groot verskille by die verskillende inspekteurs aangetref wat hulle bevindings oor taalonderwys betref. Sommige het Engels lees swak gevind, ander goed.

Stelwerk, sowel Hollandse as Engelse, was onbevredigend, veral omdat skriftelike werk te min op mondelinge voorbereiding gebaseer was. Dit was 'n algemene klagte.

Hollands was nog onbevredigend, maar daar was tog 'n mate van vooruitgang t.o.v. onderrig en leesboeke, volgens Mills, Thompson, Scott, e.a.

Ek het van nog lewende onderwysers uit daardie vroeë

---

1) Dewey, John: Education Today; bl. 3. die eerste hoofstuk bevat sy „Pedagogic Creed," gepubliseer in 1897.
2) Jaarverslag T.O.D. 1904, bl. 42, H.S. Scott (Standerton).
3) Ibid., bl. 42, J.D. Kerrich (Volksrust).
4) Ibid., 1906, bl. 46 - 79.

tydperk inligting probeer inwin[1] oor die vraag of inspekteurs destyds albei tale kon besig, en hoe eentalige inspekteurs met andertalige kinders oor die weg gekom het. Heelwat antwoorde is terug ontvang, en sommige het baie interessante gegewens bevat oor toestande in daardie vroeë jare. Die antwoorde kom hierop neer dat in die begin sommige inspekteurs glad geen Hollands verstaan het nie en hulle nie eintlik aan mondelinge werk gewaag het nie, maar dit aan die onderwyser oorgelaat het. Ander inspekteurs kon 'n weinig Hollands verstaan en lees maar kon dit nie praat nie.

(f) Algemene toestande i.v.m. die werk in die skole word weerspieël in die inspeksieverslae wat in die verslae vir die jare 1904[2] en 1906[3] opgeneem is.

Oor die algemeen het die aantal leerlinge op skool gestadig toegeneem. Promosie het nogal vinnig gegaan, soms twee standerds in een jaar, omdat die leerlinge betreklik oud vir hulle standerds was en dus vinnig ontwikkel het.

Feitlik alle inspekteurs het gekla dat die leerplan van 1903 oorlaai was, en dat dit veral moeilikhede gelewer het in die groot aantal eenmanskole. Hier het ook die groot aantal klasse die werk bemoeilik en die rooster in die war gestuur, want soms moes een onderwyser soveel as 9 verskillende klasse behartig.

Daar was groot verskille tussen onderwysers t.o.v. bekwaamheid en kwalifikasies, en dit het groot verskille in die gehalte van die werk veroorsaak. Veral het die meeste plattelandse skole swak vergelyk met die dorpskole.

In die Heidelberg-Standerton-kring, wat nie een van die swakste was nie, was daar in 1906 uit 2082 leerlinge 1580 (d.i. meer as 75%) in st. drie of laer. Die vorige jaar was die persentasie byna 80. Die gemiddelde leeftyd van die st.III-leerlinge was in 1906 12jaar 9 maande, en die van die st. IV-leerlinge 14 jaar 3 maande.

1) Kyk vraelys in Bylaag, bl. 42[illegible].
2) Jaarverslag T.O.D. 1904, bl. 31 - 42.
3) Ibid, 1906, bl. 46 - 79.

Rekenonderwys was oor die algemeen bevredigend maar te min is aan hoofreken gedoen. Probleme en praktiese oefeninge is volgens Thompson verwaarloos. In Standerton alleen was rekene „uitstekend" in 1904. Ook in die 1906- verslae is daar gekla dat hoofrekene nie die nodige aandag ontvang het nie, o.a. deur Mills, Thompson en Purves.

Aardrykskunde het gewoonlik by die onmiddellike omgewing begin, soos dit behoort te wees, maar is deur sommige onderwysers afgeskeep.

In 1904 is vir geskiedenisonderrig uitsluitlik gebruik gemaak van die boeke van mej. Synge vanaf st. III. Oor die onderwys in geskiedenis en oor die boeke het daar groot verskil van mening bestaan. Thompson het gevind dat daar min aan die vak gedoen is in sy distrik (Heidelberg), terwyl Acheson (Rand) gevind het dat die kinders groot belangstelling in die vak getoon het. By kinders was die boeke van Synge volgens hom populêr, maar by onderwysers nie. Corbett het weer gemeen dat onderwysers en leerlinge van die boeke gehou het. M.White het ondervind dat Synge, waar dit ookal gebruik is, groot belangstelling gewek het en dat geskiedenis goed onderrig is, terwyl A. White se bevinding was dat die vak nog nie goed onderrig is nie. Ook in die kringe Pietersburg, Standerton en Pretoria is die vak op onbevredigende wyse onderrig. In Rustenburg is geskiedenis om politieke redes in 1904 glad nie onderrig nie. Garnett (Potchefstroom) het gemeen dat geskiedenis as vak glad nie onderwys moes word nie, en dat Synge as bykomstige leesboek gebruik moes word.

In 1906 is, behalwe die boeke van Synge, ook gebruik gemaak van Sidwell's South African History en van Nico Hofmeyr se Geskiedenisboek.

Skrif was in sommige distrikte goed, in ander minder goed. Richey het gevind dat skrif te dikwels gebruik is net om kinders besig te hou terwyl die onderwyser met 'n ander klas besig was. Kinders het dan sonder leiding aangegaan soos hulle wou. Corbett se bevinding was dat dorpskinders beter geskryf het as plaaskinders omdat hulle beter meubels gehad het en

omdat die vloere gelyk was!

Van onderrig in bybelgeskiedenis het net drie uit die tien inspekteurs in 1906 melding gemaak in hulle verslae.

Kadetkorpse is in die Pietersburgse en die Klerksdorpse kringe by sommige skole ingevoer gedurende 1906.

Sang is oral op bevredigende wyse onderrig.

<u>(g) Plaaslike beheer:</u> In 1903 is ordonnansie no. 7 uitgevaardig wat o.a. voorsiening gemaak het vir die benoeming deur die luitenant-goewerneur-in-rade van „Consultive and Advisory" komitees.[1]

Nog in die loop van 1903 het elke distriksinspekteur, behalwe die in Pretoria en op die Rand, opdrag ontvang[2] om kennis te gee van vergaderings vir die verkiesing van 'n skoolkommissie vir elke skool in sy kring wat 'n gemiddelde maandelikse skoolbesoek van minstens 100 gehad het. Die inspekteur of die direkteur moes voorsit op so 'n verkiesingsvergadering. Die minimum-skoolbesoek is in 1904 verminder tot 60 en in Desember 1905 tot 30.

Die sekretaris van so 'n kommissie moes aan die inspekteur 'n afskrif van die notule van vergaderings stuur. Die inspekteur moes die direkteur in kennis stel as 'n kommissie nie vergader het nie, of as die skoolbesoek tot benede die minimum gedaal het.

Klagte moes deur ouers skriftelik by die kommissie ingedien word, en as die kommissie dit van genoeg belang geag het en nie self die moeilikheid kon oplos nie, was dit hulle plig om die saak na die inspekteur te verwys wat dan handelend moes optree en daarna aan die direkteur verslag moes doen.

Die kommissie moes die inspekteur ook op hoogte hou i.v.m. ander sake rakende die skool, soos bv. skoolbesoek. Hulle moes aanbevelings doen insake die vergroting van skoolgebou en die oprigting van nuwe skole in die kring.[3]

In teëstelling met 'n gebied soos Natal, waar lokale beheer

---

1) Kyk bl. 52 supra.
2) Staatskoerant no. 213, bl. 657, goewermentskennisgewing 860 van 13/8/03.
3) Jaarverslag T.O.D. 1900 - 1904, bl. 78, Bylaag XVII, artikel 21.

nooit 'n sukses geblyk het nie,[1] het die stelsel van skoolkommissies in die Transvaal goed gewerk. Lord Selborne het in sy minute oor die onderwys in 1905 dit as sy mening uitgespreek[2] dat elke skool so 'n kommissie behoort te hê, omdat dit opvallend was hoe goed die verhouding was tussen reeds bestaande kommissies, onderwysers en die regering. Volgens hom het so 'n kommissie tot die sterkte en standvastigheid van die skool bygedra, en daarom moes die stelsel uitgebrei word.

Selborne het ook die wenslikheid van lokale beherende liggame oor groter distrikte uitgespreek, en die voordele daaraan verbonde uiteengesit in sy minute. Hierdie liggame het hy Adviserende Skoolrade genoem. In Desember 1905 is regulasies bekend gemaak[3] wat o.a. gehandel het oor die samestelling van Skoolkommissies en Skoolrade. Op 1 Junie 1906 het die regulasies betreffende skoolrade van krag geword.

Die instelling van skoolrade het die administratiewe en nie-professionele werk van die skouers van inspekteurs afgeneem,[4] en was 'n belangrike stap vooruit.

## 3. MIDDELBARE ONDERWYS.

(a) Soorte skole: Die Engelse owerheid het ook dadelik vir na-primêre onderwys voorsiening gemaak. Die eerste sekondêre skool wat na die oorlog in die Transvaal tot stand gekom het, was die Hoër Meisieskool in Johannesburg.[5] Hierdie skool het voor die oorlog reeds as privaat skool bestaan. Ietwat later is daar ook 'n Hoër Meisieskool in Pretoria geopen, en toe in albei stede ook hoërskole vir seuns.[5] In 1903 is reeds melding gemaak van nog 'n hoërskool in Johannesburg, die Jeppestown High School[6] en in 1905 is daar ook een vir seuns in Potchefstroom geopen.[7] Hierdie skole het hulle ~~bepaaldelik~~ op sekondêre onderwys toegelê, hoewel daar aan elkeen ook 'n voorbereidende afdeling verbonde was waarin leerlinge vanaf

1) Steenkamp, L.S.: Onderwys vir Blankes in Natal, bl. 176.
2) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 152 e.v.
3) Ibid., bl. 157 e.v.
4) Kyk bl. 48 supra.
5) Verslag T.O.D. 1900 - 1904, bl. 14.
6) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 38.
7) Ibid., 1905, bl. 14.

die laagste standerd opgeneem is.

Benewens die eintlike hoërskole was daar ook ander skole wat sekondêre onderrig verskaf het, d.w.s. onderrig na st. III.[1] Hulle was in werklikheid laerskole met 'n sekondêre afdeling - dus die teenoorgestelde van die eerste soort. Daar was aan die einde van 1903 veertien sulke middelbare skole in die Transvaal. Hierdie skole was onder beheer van kommissies wat vir geboue moes sorg, geld moes vind, e.d.m. Die departement het aan hierdie skole 'n toelaag van £6 per jaar per sekondêre leerling betaal. Die leerlinge moes skoolgeld betaal.

In verband met die laasgenoemde skole het die Inspeksie-komitee vir 1904,[2] bestaande uit H. Warre Cornish as voorsitter met J.E. Adamson, I.L. O'Mally, A.C. Paterson en mej. P.G. Fawcett as medelede, gerapporteer dat die peil besonder laag was. Die middelbare skole was slegs middelbaar in naam en omdat daar vakke aangetref is wat in 'n middelbare skool tuishoort. „But the presence of these subjects in the curriculum does not make the education secondary in any real sense, inasmuch as (a) the proportion of pupils taking them is unusually small; (b) the standard of attainment in them is very low."

In Junie 1906 is daar nog deur die Eksamenkommissie gekla dat die middelbare skole niks anders as laerskole was waar skoolgelde betaal moes word nie. Met die ses hoërskole was dit anders gesteld. Adamson het dan ook aanbeveel[3] dat alle leerlinge wat sekondêre onderrig ontvang het, liewer in die hoërskole gekonsentreer moes word. Hiervan het egter niks tereg gekom nie. Die middelbare skole het bly voortbestaan, en hulle peil het sodanig verbeter dat hulle spoedig reeds kandidate vir die laersertifikaateksamen, en eindelik ook vir die matrikulasie-eksamen, ingeskryf het.

<u>(b) Regulasies:</u>

Teen die einde van 1903 is daar volledige regulasies vir sekondêre skole uitgereik.[4] Voordat die regulasies gegee

1) Jaarverslag T.O.D. 1903 bl. 35.
2) Ibid., 1904, bl. 53 Bylaag E.
3) Kyk ook bl. : supra.
3) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 87.
4) Ibid., 1903, bl. 121, Bylaag N.

word, dien eers gelet te word op 'n brief wat die regulasies vergesel het en wat deur die direkteur, Fabian Ware, aan die assistent-Koloniale Sekretaris gerig is.[1] Ek haal breedvoerig aan uit die brief omdat dit noodsaaklik is as die strekking van die daaropvolgende regulasies, veral t.o.v. die eksamens goed begryp sal word:

„(a) No attempt is made to lay down rigid courses of study as in the case of primary schools. Indeed, the regulations directly affect only the three highest forms. It is felt, however, that they set a common standard for secondary education in the Colony without imposing any rigid uniformity and without interfering with the variety of individual development which is one of the chief features of the British Secondary School system.

(b) The existing standard of secondary education in South Africa which must be the point of departure in any attempt at modification, is that set by the Matriculation Examination of the University of the Cape of Good Hope. That this standard is lower than the practical needs of the Colony demand, becomes evident from a consideration of the immediate requirements with regard to higher technical education in its relation to the mining industry. For while the Matriculation Examination, which admits to the existing S.A. mining course, may be passed by a boy of average ability at the age of 16 or 17, the German or American boy with whom he has to compete for the leading posts in the mining industry cannot qualify for admission to the German or American course before the age of 18 or 19, and doubtless what is proved by this practical test will be found equally true in connection with all higher branches of learning.

While therefore the Matriculation standard has been recognised in these regulations, preparation for the Matriculation Examination does not extend beyond the Upper Fifth form, and a higher standard has been introduced for the Sixth form, namely that set by a Leaving Certificate Examination which it is hoped may in time replace the Matriculation Examination as the standard of admission to the Mining course and all studies of University grade. In the third form from the top, the Lower Fifth, a Lower Certificate Examination fixes the standard of Secondary Education for such boys and girls as do not require a University training.

(c) The method of conducting the Lower and Leaving Certificate Examinations is one which will commend itself to all teachers and is in sympathy with the best tendencies in the previous development of Secondary Education under the late Education Department of the Transvaal. Under these regulations greater importance is attached to sound Education and Instruction extending over the whole school year in accordance with the detailed syllabus of work approved for each school by the Education Department than to the production of so much knowledge upon a given date regardless of the means by which such knowledge has been acquired. The actual examinations for these certificates are therefore conducted by the teachers themselves under the supervision and direction of an Inspector or Inspectors appointed by the Director of Education."

---

1) Koloniale Sekretaris, Korrespondensieleer 10883 van 10 Des. 1903.

Enkele opmerkings moet i.v.m. hierdie brief gemaak word. Ware wou geen strenge uniformiteit op die skole afdwing nie en wou voorsiening maak vir die individuele ontwikkeling van die leerlinge. Dit is in ooreenstemming met die huidige opvattings en gebaseer op die nuwere sielkunde van individuele verskille. Dit is volgens Dewey[1] die werk van die onderwyser om die aanleg van die verskillende leerlinge te ontdek en te ontwikkel. Die individuele kind moet bestudeer word om sy aanleg te ontdek. Hierdie feit is reeds deur Stanley Hall vóór 1900 beklemtoon. Curti skryf in verband hiermee[2]: „He (Hall) fathered the child study movement. ..... He talked to teachers on the application of the new psychology to education." En weer[3]: „He focussed attention upon his (the child's) needs and peculiarities, and insisted that the schools should meet these needs and peculiarities." Hierdie opvattings het blykbaar reeds in 'n mate hulle invloed op Ware e.a. se sienswyses gehad. Die aantal kleiner skooltjies in die Kolonie het die uitlewing van hierdie opvatting toe, net soos tans nog, aan bande gelê, omdat die nodige fasiliteite nie beskikbaar was nie.

Die afneem van die Laer- en die Skooleindsertifikaateksamens deur die onderwysers en die gewig wat aan die jaar se werk geheg is, was belangrike stappe en in ooreenstemming met wat destyds reeds in sekere dele van Amerika gedoen is, soos in die Nu-Engelandstate waar die stelsel van geakkrediteerde skole reeds in 1902 ingevoer is[4]. Dit is te betreur dat hierdie praktyk in die Transvaal weer uitgesterf het en dat die Middelbare Skoolsertifikaateksamen tans nog grotendeels deur eksterne liggame en persone afgeneem word.

Volgens die „Star"[5] skyn dit of Ware se verhoging van die standaard nie algemeen byval gevind het nie, want sommige

1) Dewey, J.: Democracy and Education, bl. 105.
2) Curti, Merle: The Social Ideas of American Educators, bl. 402.
3) Ibid., bl. 411.
4) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the United States, bl. 36.
5) The Star, 16 Okt. 1903, Notes and Comments.

lede van die Raad van die Tegniese Instituut het, op 'n vergadering van die „Transvaal Philosophical Society" beswaar daarteen geopper, egter sonder enige gevolg.

> „In the discussion which followed, his (Ware's) ideal of commencing with the highest type of education was criticised as being beyond the reach of the average man who cannot afford to keep his son at school or college till he is almost out of his teens, and then send him to a technical school for a further period of years."

Hierdie proefneming het egter voortgeduur tot vroeg in 1909 toe nuwe regulasies uitgevaardig is[1] wat die kursus weer met een jaar aan die bopunt ingekort het. Na 'n deeglike proefneming is die ondoeltreffendheid van 'n ekstra jaar in die hoërskool dus besef, omdat na-matrikulasiewerk, volgens Adamson, in 'n kollege tuisgehoort het.

Die Regulasies het dan die toelatingsouderdom tot 'n middelbare skool op minstens 9 jaar gestel, en minstens st. III moes voltooi wees. Die klasse en die normale ouderdom vir elke klas sou as volg wees:

| Klas. | Normale Ouderdom. |
|---|---|
| Vorm I | 10 jaar (ongeveer st. IV) |
| Vorm II | 11 " |
| Vorm III | 12 " |
| Vorm Laer IV | 13 " |
| Vorm Hoër IV | 14 " |
| Vorm Laer V | 15 " |
| Vorm Hoër V | 16 " |
| Vorm VI | 17 " |

Alle leerlinge in Vorm Laer V moes die Laersertifikaateksamen skryf en almal in Vorm VI die Skooleindsertifikaateksamen (Leaving Certificate Examination).

Hierdie twee eksamens sou beperk wees tot die vakke van die goedgekeurde program vir elke klas en sou deur die onderwysers wat vir die vakke verantwoordelik was, afgeneem word onder die toesig van 'n persoon of persone wat deur die direkteur daarvoor aangestel was.

---

1) Kyk bl. 97 infra.

Middelbare skole wat nie staatskole was nie, kon ook kandidate vir hierdie twee eksamens inskryf.

Die voorgeskrewe vakke was as volg (Skedule A):

Laersertifikaat (d.i. Vorm Laer V):

Verpligte vakke: (i) Engels; (ii) 'n ander moderne taal (kon Hollands wees); (iii) matesis: rekenkunde, algebra, meetkunde.

Opsionele vakke: Latyn, Grieks, wetenskap, ens. 'n Groot keuse is hier gelaat.

Skooleindsertifikaat (d.i. Vorm VI):

Verpligte en Opsionele vakke: soos vir die Laersertifikaat.

Die Engelse en Hollandse standaard vir die hoër sertifikaat was:

English: (i) Essay. (ii) Literature - Candidates will be required to show a first-hand knowledge of about six works selected with a view to illustrating the development of English Literature from the sixteenth to the nineteenth centuries.

Hollands: soos vir Engels.

Die nadruk het, soos die verpligte vakke aantoon, nog op tale en matesis geval, heeltemal in ooreenstemming met die tradisie maar in stryd met die opvattings van 'n Dewey wat reeds in 1898 die taalstudie as die vernaamste studievak veroordeel het[1]. Taalstudie was miskien vroeër te regverdig, maar, „my proposition is that conditions - social, industrial and intellectual - have undergone such a radical change, that the time has come for a thoroughgoing examination of the emphasis put upon linguistic work." Dit het hy gesê i.v.m. laerskoolwerk maar dit is ook van net soveel toepassing op hoërskoolwerk.

Die uitskakeling van Latyn as 'n verpligte vak was 'n goeie maatreël en het gebreek met die tradisionele opvatting.

Dat wiskunde nog in 1903 verpligtend gemaak is terwille van sy vormende waarde, is nie bevreemdend nie as in aanmerking geneem word dat dr. Keyter in 1936 nog geskryf het[2]:

1) Dewey, J.: Education Today, bl. 18 e.v.
2) Keyter, J. de W.: Opvoeding en Onderwys, bl. 213.

„(dit) besit ook groot intellektuele en karaktervormende waarde. Deur middel daarvan kan akkuraatheid, noukeurige waarneming, duidelike, saaklike formulering van gedagtes, selfwerksaamheid, selfkorreksie, geduldige volharding en 'n strewe na doelbewustheid in gedagte en aktiwiteit bevorder word."

Die doel van die regulasies was om eenvormigheid in alle skole te bewerkstellig t.o.v. die standaard. Teen die end van 1904 kon inspekteurs dan ook al rapporteer dat dit tot 'n hoë mate bereik was waar daar 'n jaar tevore gekla is oor „a complete lack of uniformity among the students' attainments." En hierdie eenvormigheid is nie bereik ten koste van indiwidualiteit nie, daar die regulasies 'n groot keuse t.o.v. vakke gelaat het.

Vir die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop kon kinders inskryf as hulle vorm Hoër V deurloop het. Die Transvaalse hoërskole het dus met hulle vorm VI 'n hoër standaard bereik as die destydse matrikulasie-eksamen.

(c) Eksamens.

(i) Matrikulasie. Die enigste bestaande universiteit in Suid-Afrika in die begin van die twintigste eeu was die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, en hierdie universiteit het toe, net soos die universiteite van vandag, die matrikulasie-eksamen afgeneem as 'n toelatingseksamen tot die universiteit. Toe is egter reeds al die ondoeltreffendheid gevoel van so'n eksamen ook te laat dien as 'n skooleindeksamen van die middelbare skool want die universiteit kon moeilik beslis of 'n kandidaat die middelbare skoolkursus, waarmee hy anders niks te doen gehad het nie, met goeie gevolg deurloop het. Net 'n klein persentasie van sulke kandidate het immers na die universiteit gegaan. Vir die res is gevoel dat daar 'n ander eksamen ingestel moes word. Dit was met die oog hierop dat die Hoofde van die onderskeie Kolonies se onderwysdepartemente op 'n konferensie[1], gehou te Bloemfontein op 22 tot 24 Januarie 1903, die universiteit versoek het om die moontlikheid te oorweeg om 'n eksamen in te stel

---

1) Verslag T.O.D., 1900 - 1904, bl. 83, Bylaag XVIII.

„parallel with the matriculation, and carrying the same privileges, in which some of the details of examination shall be entrusted to the teachers of schools of recognised position, and in which due weight shall be given to such teachers' knowledge of their own pupils' general competency. This conference wishes to represent most strongly to the University the desirability of making Latin an optional subject at Matriculation."

Die laasgenoemde versoek het egter op dowe ore geval en nog baie matrikulante sou in die toekoms tyd aan Latyn moes bestee wat beter bestee kon gewees het. In die reeds genoemde regulasies van 1903 is hierdie moeilikheid i.v.m. Latyn ten dele opgelos in die Transvaal, en 'n eie eksamenstelsel ingestel wat egter nie deur die universiteit as gelykstaande met matrikulasie beskou is nie. Vir so'n eksamen is eers in 1920 voorsiening gemaak t.o.v. die Transvaal, soos in hoofstuk IV aangetoon sal word.

(ii) Die Laersertifikaateksamen. (Vorm Laer V). Hierdie eksamen is in 1904 vir die eerste keer onder die nuwe regulasies afgeneem[1]. Aangesien die onderwysers nog nie presies geweet het wat verwag was nie, en die gewenste eenvormigheid nog nie bereik was nie, was dit nie bevreemdend dat slegs 27 uit die 100 kandidate suksesvol was nie[2]. Die eksamen was intern in sover as die onderwysers self die vrae gestel en die antwoorde gemerk het, en ekstern in sover as 'n Raad van Moderatore die vrae goedgekeur en die antwoorde uiteindelik weer nagesien het. Die Raad van Moderatore moes sorg vir 'n mate van eenvormigheid.

Die direkteur het hierdie soort eksamen goed gevind[3] omdat die eksterne eksaminator onder die ou stelsel net getoets het wat die kind op daardie oomblik geweet het afgesien van die omstandighede waaronder hy dit geleer het. Die eksterne eksaminator het nie die besondere omstandighede van 'n skool of die eienskappe van die leerling soos dit in die loop van die jaar tot uiting gekom het, in aanmerking geneem nie. Volgens die ou stelsel het die eksamenduiwel die skoolwerk oorheers en dit was nie aan te beveel nie.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1904, bl. 16.
2) Ibid., 1906, bl. 115.
3) Ibid., bl. 115.

Dit is ongelooflik dat dieselfde besware wat deur die departement in 1906 so sterk beklemtoon en vermy is, tans, byna 40 jaar later, deur die onderwysers en andere aan die departement voorgehou moet word i.v.m. die Middelbare Skoolsertifikaat-eksamen en die departement dit tog nie uit die weg ruim nie.

Vanaf 1906 het meer kinders van buite die stede aan die eksamen deelgeneem as vroeër. Alle leerlinge in die vorm moes aan die eksamen deelneem en nie net die wat redelik seker van sukses was nie. Die opsionele vakke het 'n groot keuse t.o.v. breedte en verskeidenheid van die leerplan gelaat. In 1906 het al die kandidate (89) Engels geneem terwyl slegs 41 Hollands geneem het. In Engels het 84 geslaag en in Hollands 34.[1]

Van eksamens vir die skooleindsertifikaat Vorm VI is geen melding in die direkteur se verslae gemaak nie.

In 1906 het uit die Tegniese Instituut die Transvaalse Universiteitskollege te Johannesburg tot stand gekom[2] en sy eie matrikulasie-eksamen begin afneem. Sy sertifikaat sou òf A òf B wees: A indien Engels, matesis en Latyn as verpligte vakke geneem is met nog twee opsionele vakke; B indien Engels en matesis en nog drie opsionele vakke geneem is.[3]

In 1906 is ook bekend gemaak dat die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Ierland as gelykstaande aan die van die Kaapse Universiteit beskou sou word[4].

(d) Inspeksie. Die inspeksie van die skole met middelbare afdelings is deur 'n inspeksie-komitee waargeneem[5]. Aangesien die onderrig in die hoërskole deur spesialiteite in hul onderskeie vakke gegee is, was die direkteur van mening[6] dat dit ook deur spesialiteite geïnspekteer en geëksamineer moes word. Vir die hoërskole was daar derhalwe 'n afsonderlike inspeksiekomitee wat in 1904 bestaan het uit J.E. Adamson as

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 108.
2) McKerron, M.E.: History of Education in S.A., bl. 93.
3) Staatskoerant no. 424, bl. 568, goewts.-kennisgewing no. 1249 van 29 Nov. 1906.
4) Ibid. no. 420, bl. 387, G.K. no. 1156 van 3 Nov. 1906.
5) Kyk bl. 59 supra.
6) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 13 - 14.

voorsitter, dr. Breyer, mej. P.G. Fawcett, dr. MacFadyen, en twee assessore nl. A.C. Paterson vir klassieke en N. Hofmeyr vir Hollands[1]. Aan die einde van 1904 het die komitee sy verslag oor die hoërskole uitgebring, waarin hy gerapporteer het dat daar vordering was op die weg na uniformiteit, as gevolg van die nuwe regulasies. Volgens die verslag het die hoofde deelgeneem aan klasgee. Die komitee het dit goed gevind en aanbeveel dat die hoof van 'n skool minstens die helfte van die skoolure les moes gee, en vir een vorm verantwoordelik moes wees, sodat alle leerlinge minstens een jaar onder sy direkte invloed kon kom. Die direkteur het ook gemeen dat daar 'n Raad van Eksaminatore vir hoërskole nodig was, maar dat die plaaslike inspekteur met die Raad moes saamwerk as 'n hoërskool in sy afdeling geïnspekteer is.

## 4. OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

Toe die oorlogstryd nog fel gewoed het, het die Engelse owerheid, soos reeds aangetoon, kampskole begin oprig. Hiervoor was onderwysers nodig. Dit sou 'n tyd duur voordat daar onderwysers uit Engeland en ander dominiums ingevoer kon word. Ook kon daar nie 'n voldoende aantal ingevoer word nie. Die onderwysers van die twee Republieke was vir die grootste deel saam met die burgers in die veld of alreeds krygsgevange. Tog moes daar leerkragte vir die kampskole verskaf word. Die gevolg was dat daar teen die einde van 1901 in baie gevalle gebruik gemaak moes word van seuns en dogters wat slegs st. ses, vyf of selfs vier gemaak het. Hulle sou in Normaalskole vir die taak opgelei word. Die inspekteurs is egter op 'n konferensie te Pretoria op 20 Nov. 1901[2] meegedeel dat geen inskrywings vir die onderwysereksamens uit die Transvaal ontvang is nie. (Die eksamens is deur die Kaapse O.D. gehou).

Op dieselfde konferensie is deur die inspekteurs besluit dat die Engelse onderwysers wat uit Engeland verwag is, by hulle aankoms deur die inspekteurs ontmoet en na die vir hulle

1) Jaarverslag T.O.D. 1904, bl. 43, Bylaag D.
2) Sekr. van die Transvaalse Administrasie, Korrespondensieleer 396/1902.

bestaande poste geneem sou word. Ook moes hulle in aanraking ge met die onderwysers van die Kolonie gebring word, en pogings moes aangewend word om die twee groepe sover moontlik saam te snoer.

Vroeg in 1902 het die eerste onderwysers uit Engeland aangekom[1] en baie meer het later gevolg, maar genoeg vir die eise van die nuwe kolonies kon nie ingevoer word nie, en daarom is daar kort na die vredesluiting oorgegaan tot die oprigting van die eerste Normaalskole te Pretoria en Johannesburg. Hierdie twee is later verenig tot een in Pretoria, met mnr. John E. Adamson as hoof. Die eerste studente is op 2 September 1902 toegelaat.

Regulasies. Die eerste regulasies vir Normaalskole is in goewermentskennisgewing no. 396 van 1902 vervat[2]. Daarin is neergelê dat die toelatingseksamen tot die Normaalskole die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap sou wees of enige eksamen wat die Transvaalse regering as gelykstaande daarmee beskou het. Die minimum-ouderdom was 17 jaar. As gevolg van die oorlog sou afwykings hiervan voorlopig toegestaan word.

Die derdeklas-sertifikaat sou een jaar opleiding vereis en die opleiding sou heeltemal professioneel wees. Daar sou ook praktiese opleiding wees aan oefenskole wat aan elke Normaalskool verbind sou wees, en aan gewone skole. Ook die regulasies vir die tweede en eerste klasse is omskrywe.

In die begin is daar nie op die matrikulasie-standaard aangedring nie as gevolg van die oorlog. Sertifikate van ongematrikuleerde studente was egter provisioneel. Sulke studente is toegelaat as die distriksinspekteur gemeen het dat hulle ver genoeg gevorder was om voordeel uit die opleidingskursus te trek.

In 1903 is kennisgewing no. 396 van 1902 so geamendeer[3]

1) Verslag T.O.D. 1900 - 1904, bl. 8.
2) Staatskoerant, 22 Aug. 1902, bl. 1291. In 1902 is van „Normal Schools" gepraat; daarna steeds van „Normal Colleges".
3) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 6.

dat, aangesien alle onderwysers dieselfde sertifikate moes hê, of hulle in privaat of in goewermentskole was, almal dieselfde onderwysereksamens moes skrywe, maar dat opleiding in privaat opleidingskole kon geskied. „As the only method of ensuring that the training provided by such schools shall be adequate and efficient is by means of inspection, this inspection has been insisted on in the regulations now submitted".

In 1905 is breedvoerige regulasies vir die uitreiking van eersteklas-, tweedeklas- en derdeklas-sertifikate opgestel.[1] Die vereistes was as volg:

<u>Derdeklas</u>: (a) Twee jaar bevredigende diens as onderwyser of een jaar diens en een jaar opleiding aan 'n Normaalkollege.

(b) Die derdeklas-eksamen.

Die kursus het uit twee dele bestaan: deel I het bestaan uit algemene onderwys tot die peil van matriek en bywoning van demonstrasielesse. Hiervan is die student vrygestel as hy matriek of 'n ekwiwalente sertifikaat besit het. Deel II het bestaan uit professionele opleiding wat alle laerskoolvakke met die oog op die onderwys daarvan, teorie van onderwys, beginsels van organisasie en dissipline, en praktiese oefening in lesgee ingesluit het. Studente moes by toelating minstens 17 jaar oud wees, van goeie gedrag en goeie gesondheid.

<u>Tweedeklas</u>: (a) Vier jaar bevredigende diens as onderwyser of twee jaar met besit van die B.A.-graad.

(b) Die Intermediêre sertifikaat van die Kaapse Universiteit.

(c) Opleiding aan 'n Normaalkollege.

(d) Die tweedeklas-eksamen.

Die kursus het net een jaar geduur en het ingesluit organisasie, dissipline, metodiek, sielkunde, logika, etiek, gesondheidsleer, geskiedenis van onderwys vanaf die Renaissance en 'n voorgeskrewe werk, studie van die onderwysstelsel in een ander land vir vergelyking met die van die Transvaal. Kandi-

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1905, bl. 26, Bylaag D.

date moes minstens 22 jaar oud wees en minstens twee jaar onderwysondervinding hê. Die hele kursus was suiwer professioneel. Deel I van die eksamen was prakties en sou deur die inspekteur op twee of meer besoeke aan die kandidaat se skool afgeneem word terwyl terselfdertyd die kinders se boeke, klasverslae, swartbordwerk, dissiplinêre maatreëls en metodes van lesgee ondersoek moes word. Deel II was skriftelik en is aan die end van die kursus afgeneem.

Eersteklas: Hierdie sertifikaat kon deur hoofde van alle skole en deur assistente van middelbare skole behaal word na ses jaar bevredigende diens as hulle O.2 besit het, na inhandiging van 'n goedgekeurde oorspronklike verhandeling, en na 'n studiereis van 'n jaar in die buiteland.

## 5. C.N.O.-SKOLE.

Die ontstaan en groei van hierdie skole kan in 'n geskiedenis van die onderwys soos die van Coetzee[1] nageslaan word. Hier word vernaamlik op die inspeksiestelsel en eksamens van daardie beweging gelet.

Naas die staatstelsel van onderwys het daar dan die eie selfstandige privaat stelsel van die Hollandse Afrikaners tot stand gekom in 1903. Uiteindelik, d.w.s. in 1907, was daar meer as 200 skole teenoor die ongeveer 500 van die staatstelsel.

In Nov. 1904 is die predikante van die drie Hollandse kerke deur die Commissie voor C.N.O. gevra „om scholen in hunne respectieve Gemeenten te willen inspecteeren."[2] Die redakteur van Het Kristelik Schoolblad het die hoop uitgespreek dat dit 'n tydelike maatreël sou wees, aangesien die predikante nie veel tyd vir die werk gehad het nie en immers ook nie vakmanne was nie.

Reeds in die vorige Schoolblad[3] is twee sake van belang aangekondig, nl. dat die hoofkommissie vir C.N.O. besluit het

1) Coetzee, J.C.: Onderwys in die Transvaal, bl. 95.
2) Het Kristelik Schoolblad, Des. 1904, bl. 2.
3) Ibid., Nov. 1904, bl. 2.

om sy eie inspekteurs aan te stel en om onderwysers op te lei en 'n onderwyserseksamen in te stel.

Die regulasies vir hierdie eksamen is in Maart 1905 bekendgestel[1], en in April is die datum van die eerste eksamen bekendgemaak[2], t.w. Junie 1905. By hierdie eksamen het 17 uit die 19 kandidate geslaag[3]. Sowel praktiese as teoretiese bekwaamheid is getoets. Dat die peil van hierdie eksamen nie laer was as die van die onderwysdepartement nie, word bewys deur die feit dat die staat die sertifikate erken het toe hy die C.N.O.-skole in 1907 oorgeneem het.

Sommige C.N.O.-skole het kandidate vir die laersertifikaat-eksamen en ook vir matriek voorberei en met sukses laat skryf. Ook in hierdie opsig was die peil dus gelykstaande aan die van die staatskole.

In Junie 1905 is die heer J.K.M. te Boekhorst, vroeër inspekteur in die S.A. Republiek, as inspekteur aangestel[4], en in die volgende 7 maande het hy 85 skole in tien verskillende distrikte besoek. Die werk was hopeloos te veel vir een persoon. Omdat die inspekteur nie elke skool jaarliks kon besoek nie, het oorplasing van die leerlinge hier meestal in die hande van die onderwysers berus.

Te Boekhorst kon op sy eerste besoeke nie deeglike werk doen nie aangesien hy te haastig te werk moes gaan. Ook het hy feitlik geen tyd gehad om, soos die distriksinspekteurs, die ouers te ontmoet en vir sy skole propaganda te maak nie. Dit skyn, volgens te Boekhorst se inspeksieverslag[5], asof sommige inspekteurs hul bes gedoen het om die C.N.O.-beweging te benadeel (hy het geen name genoem nie).

Sy verslag gee 'n goeie oorsig van die toe heersende toestande in die C.N.O.-skole.

---

1) Het Kristelik Schoolblad, Maart 1905, bl. 1.
2) Ibid., April 1905, bl. 4.
3) Ibid., Sept. 1905, bl. 1.
4) Ibid., Julie 1905, bl. 1.
5) Ibid., Feb., 1906, bl. 2.

## 6. NATURELLE-ONDERWYS.

(a) Ondersteunde Skole: Die eerste stap om naturelle-onderwys te organiseer, is gedoen toe eerw. W.E.C. Clarke deur die Transvaalse onderwysdepartement as superintendent van naturelle-onderwys aangestel is in Februarie 1903[1)]

Daar het reeds 'n hele aantal skole in die Transvaal bestaan, maar die werk is vrywillig gedoen deur sendinggenootskappe sonder steun of erkenning van die staat[1)]. Altesaam was daar, volgens opgawes wat in April 1903 ingesamel is, 201 sendingskole met 12600 leerlinge en 289 onderwysers van wie 41 blankes was[2)].

Volgens besluit no. 797 van die Uitvoerende Raad van die Transvaal (1 Okt. 1903) sou die staat aan die skole ondersteuning gee op voorwaarde dat die skole vir die inspekteurs of die superintendent van die onderwysdepartement toeganklik moes wees.

Die aantal skole wat van die regering se ondersteuning gebruik gemaak het, het vinnig vermeerder sodat daar in Junie 1905 reeds 172 by die departement geregistreer was[3)], en in Junie 1906 184.[4)]

Aangaande hierdie skole is gesê[5)]:

„The official reports and the evidence given before the Native Affairs Commission show that most of the native schools are in a state of deplorable inefficiency. They are generally held in church buildings ill adapted for educational purposes. In many cases seats and desks have not been provided, 'squatting room' for the children having been thought sufficient. The education given is often of an extremely rudimentary kind. In 114 schools inspected during 1904 no less than 85.5% of the children in attendance were in the sub-standards and only 1.5% had passed or reached Std. III. In 1905 - 1906 only 65 out of the 305 Native teachers held certificates; and the unsatisfactory condition of these schools is largely due to the inefficiency of the teaching staffs. Many teachers are incapable of giving instruction beyond Std. I, and comparatively few are competent to bring the pupils up to Std. III".

Die leerplan was niks as 'n verkorting van die van die

1) Jaarverslag T.O.D. 1903, bl. 61.
2) Coetzee, J.C.: Onderwys in die Transvaal, bl. 91.
3) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 143.
4) Ibid.1907, bl. 40.
5) Loram, C.T.: The Education of the S.A. Native, bl. 63 (aangehaal uit The S.A. Natives, 1906, bl. 169 - 170).

blanke skole.

Behalwe die ondersteunde skole was daar in 1906 volgens Loram ook 177 onondersteunde skole met 'n inskrywing van 8492 leerlinge.

(b) Inspeksie. Die pligte van die superintendent of inspekteur van naturelle-onderwys was[1] om leerlinge te klassifiseer na individuele inspeksie en eksaminering, om verslag te doen oor die toestand en doeltreffendheid van die geboue en uitrusting sowel as die sanitêre toestand, om alle registers en rekenings na te gaan, om die dissipline en organisasie en bekwaamheid van die onderwysers en die onderwys te beoordeel en aan die departement daaroor verslag te doen.

Gedurende 1904 het Clarke hulp gekry in die persoon van T.J.B. Jones[2]. Jones moes die noordelike distrikte inspekteer terwyl Clarke self die res van die kolonie sou behartig.

Inspeksie was selfs daarna nog ondoeltreffend[3] omdat skole nie dikwels genoeg besoek kon word nie. Jones het 56 skole in 9 maande besoek vir gereelde inspeksie en nog 24 verrassingsbesoeke afgelê. Die distriksinspekteurs sou kan help volgens Clarke maar hulle het alreeds hulle hande te vol gehad met hulle eie werk.

Teen Junie 1905 was die aantal skole so groot[3] dat hulle nie meer behoorlike toesig en inspeksie kon ontvang sonder die hulp van die distriksinspekteurs nie. Vooruitgang is wel in enkele gevalle gemeld in die inspekteursverslag, maar die onderwysers was onbevoegd en die uitrusting ontoereikend, sodat daar geen wesentlike vordering binne afsienbare tyd verwag kon word nie.

Op 1 Feb. 1906 het Clarke waarnemende sekretaris van onderwys geword[4] en die inspeksie van naturelleskole het toe definitief in die hande van die distriksinspekteurs oorgegaan.

1) Executive Council Minutes, besluit 797 van 1 Okt. 1903.
2) Jaarverslag T.O.D. 1904, bl. 27, Bylaag B.
3) Ibid. 1905, Bylaag A.
4) Executive Council Minutes, besluit 202 van 31 Jan. 1906.

Jones het egter aangebly as inspekteur van naturelleskole in die noordelike distrikte[1].

(c) Eksamens. In die laerskole moes die inspekteurs tydens hulle besoeke alle leerlinge eksamineer.

Vanaf 1 Januarie 1904 is daar vir naturelle-onderwysers eksamens gehou en sertifikate uitgereik[2]. Die opleidingskursus het ingesluit: (i) onderrig in Engels en ander elementêre vakke tot ongeveer die peil van st. IV; (ii) onderrig in 'n handearbeidvak; (iii) professionele opleiding.

In Julie 1906 is daar 'n inrigting vir die opleiding van naturelle-onderwysers te Pietersburg geopen deur die Anglikaanse sending[3]. Twee het reeds bestaan, nl. die te Kilnerton (Wesleyaans) en die te Lemana (Sweeds, geopen Jan. 1906)[4].

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(a) Samevatting. Die Engelse het geen gras onder hulle voete laat groei met die oprigting van skole onder die oorwonne Boerebevolking nie. Kampskole is reeds opgerig en onderhou terwyl 'n groot deel van die kinders in die kampe was. Na die beëindiging van die oorlog is die skole verplaas na alle dele van die land om in die behoeftes van die verspreid-wonende bevolking te voorsien.

By gebrek aan 'n georganiseerde onderwysstelsel het die las van organisasie op die skouers van die direkteur en sy organiserende inspekteurs gerus, wat hulle op eervolle wyse van hulle taak gekwyt het. 'n Mate van eenvormigheid is gehandhaaf in die afwesigheid van bindende regulasies deur middel van periodieke samesprekings.

Die hele onderwysstelsel, soos deur Sargant ingestel, was op Engelse lees geskoei, baie Engelse onderwysers en onderwyseresse is ingevoer, Engelse skoolboeke is gebruik, al die inspekteurs was Engelssprekendes, en die voertaal was Engels.

In die beginjare moes die inspekteurs, behalwe die

1) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl.143.
2) Executive Council Minutes, besluit 797 van 1 Okt. 1903.
3) Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 40.
4) Coetzee, J.C.: Onderwys in die Transvaal, bl. 93.

professionele deel van hulle werk, ook al die administratiewe werk in hulle kring waarneem, soos die oprigting van nuwe skole, voorsiening van geboue, onderwysers, uitrusting. Hulle is aanvanklik hierin bygestaan deur distrikshoofonderwysers wat eintlik onder-inspekteurs was.

Met die instelling van skoolkommissies in 1903, maar eintlik met die instelling van skoolrade in 1906, is die inspekteurs van hulle nie-professionele pligte vrygestel, en kon hulle hul aandag ten volle wy aan hulle eintlike pligte van inspeksie.

Ordonnansie no. 7 van 1903 was die eerste poging om onderwyssake te sistematiseer. Hierna is regulasies uitgevaardig om uitvoering te gee aan die bepalings van die wet. Leerplanne is vasgestel en eksamens en sertifikate bepaal.

Op verskeie geleenthede is die pligte van inspekteurs deur die direkteure omskrywe. Telkens blyk dit dat die verskillende direkteure die sienswyse toegedaan was dat dit nie die plig van die inspekteur was om hoofdelike inspeksie te hou nie. In die praktyk is hierdie sienswyses egter selden uitgeleef. Die regulasies van 1905 i.v.m. die inspeksie en eksaminering van laerskole het bepaal dat by oorplasing deeglik rekening gehou moes word met die prestasie van die leerlinge gedurende die loop van die jaar. Uit later hoofstukke sal dit egter blyk dat hoofdelike eksaminering deur alle inspekteurs 'n tien, twaalf jaar later nog uitgevoer is.

Tussen die jare 1900 en 1906 was daar feitlik geen taalvraagstuk wat moeilikhede opgelewer het in die staatskole nie. Engels was die enigste erkende medium en die vernaamste taal, en daarby moes almal hulle neerlê. Die ontevredenes, die Hollandse Afrikaners, het hulle afgeskei en hulle eie skole, die C.N.O.-skole, gestig en onderhou. Terselfdertyd het daar stemme opgegaan, ook uit die geledere van die Engelse inspekteurs, vir die uitbreiding van die kennis van Hollands onder inspekteurs sowel as onderwysers.

Algemene toestande in die skole het grootliks verskil

van skool tot skool en van plek tot plek. Onderwysers het van mekaar verskil t.o.v. kwalifikasies, bekwaamheid en ywer, en daar was nog geen feitlik tradisioneel geworde stelsel en peil van onderwys nie. Die inspeksieverslae weerspieël hierdie verskeidenheid ten duidelikste.

Middelbare onderwys is gegee in twee soorte skole. Daar was eerstens die hoërskole, in 1906 ses in aantal, wat hulle spesifiek op middelbare onderwys toegelê het, en wat, volgens verslae, uitstekende werk gelewer het. Hier was spesialiteite aan die werk. Tweedens was daar laerskole met middelbare afdelings, waar die middelbare werk ook deur die onderwysers van die primêre klasse waargeneem is, omdat die aantal middelbare leerlinge ontoereikend was om die aanstelling van vakmanne te regverdig. Hier was die werk van lae gehalte, en die direkteur het selfs die sentralisasie van sulke afdelings oorweeg.

Vir middelbare onderwys is 'n hoë standaard in 1903 ingevoer, wat selfs na-matrikulasie-werk in die hoërskool ingesluit het. Die regulasies van 1903 het volledig voorsiening gemaak vir klassifikasie, leerplanne, eksamens, en die uitreiking van sertifikate. Die matrikulasie-eksamen is toe afgeneem deur die Kaapse Universiteit, die enigste Universiteit in S.A. In 1906 het die T.U.K. in Johannesburg tot stand gekom wat begin het met die afneem van sy eie matrikulasie-eksamen.

Die eerste onderwysers uit Engeland het in 1902 aangekom. Na die oorlog is ook van oud-onderwysers uit die Suid-Afrikaanse Republiek gebruik gemaak. Met die opleiding van onderwysers is in 1902 'n begin gemaak. Regulasies vir die opleiding van onderwysers is in 1902 uitgevaardig, in 1903 gewysig, en in 1905 deur nuwe regulasies vervang.

Die Boere wat hulle teen die vreemde ingevoerde stelsel verset het, het hulle eie selfstandige stelsel op tou gesit, 'n stelsel wat aangepas het by hulle volksaard en voldoen het aan hulle lewensbeskouings en - opvattings, 'n stelsel wat Christelik Nasionaal was, 'n stelsel met sy eie leerplanne, onderwysers, eksamens en inspekteur, 'n stelsel waaraan persone mee-

gewerk het wat later in die staatstelsel die hoogste posisies beklee het as staatmakers, 'n stelsel wat nie vir die staatstelsel agter gestaan het nie.

Naturelle-onderwys het ook onder beheer van die staat gekom. In die begin was die skole, die toerusting, die onderwysers en die algemene organisasie in 'n baie onontwikkelde toestand, maar gaandeweg het hier verbetering ingetree deur toedoen van die onderwysdepartement wat nie net laerskole nie, maar ook opleidingsinrigtings vir onderwysers gesubsidieer het, en deur middel van sy inspekteurs toesig gehou en beheer uitgeoefen het.

(b) Gevolgtrekkings. As die staatstelsel van die jare 1900 tot 1906, en ook daarna, as 'n geheel oorsien word, kan die ondersoeker nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die onderwysdepartement in sy diens ywerige, pligsgetroue amptenare gehad het in die persone van die inspekteurs en direkteure nie. Oor die algemeen was die keuse vir die Britse owerhede gelukkig en het die amptenare hulle daarop toegelê om die beoogde doelstellings uit te voer. Die vernaamste doelstelling, afgesien van die algemene ontwikkeling van die toekomstige burgers van die nuwe kolonie, was die anglisering van die Boerebevolking, hoewel hierdie doel nooit so uitdruklik geformuleer en uitgedruk is as wat die geval bv. in die tyd van Lord Charles Somerset was nie. I.v.m. die kampskole sê Malherbe:[1] „It seemed to him (Sargant) to be a unique opportunity for anglicising a large group of the future Dutch population on a scale which would have been impossible in the case of the widely scattered population."

Hoewel Sargant, en na hom Adamson, baie beslis was in hullè opvattings t.o.v. die metode van inspeksie, nl. dat dit nie in die eerste instansie die plig van die inspekteur was om elke leerling indiwidueel te eksamineer nie, is dit duidelik

1) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, bl. 298.

dat hierdie opvattings nie tot die praktyk deurgedring het nie. Hier blyk dit dat oortuigings van enkelinge nie die gevestigde opvattings van die publiek insake onderwys ineens kan beïnvloed nie. Die opvattings van die breë lae van die bevolking moet wel deeglik in aanmerking geneem word, en die publiek het nou eenmaal gemeen dat dit die taak van die inspekteur was om kinders op skool te bevorder, en dit kon die inspekteur alleen doen na hoofdelike eksaminering. Ander besware in die weg van die konsekwente toepassing van die gesonde beginsel dat oorplasing in die hande van hoofde en klasonderwysers gelaat moes word, was die feit dat daar so baie onderwysers was met swak kwalifikasies, min ervaring, en nog minder bekwaamheid. Die werk kon moeilik aan hulle toevertrou word. Daarbenewens wou onderwysers self ook dikwels nie die verantwoordelikheid aanvaar nie, omdat hulle in die eerste plaas moeilikheid met die inspekteur verwag het as die klassifikasie verkeerd was, en in die tweede plaas met die ouers van die leerlinge wat hulle laat druip het. Dit was veel makliker om hulle by die ouers te verontskuldig as die skuld op die inspekteur gelaai kon word.

So het individuele inspeksie dan baie jare nog voortgeduur, selfs tot na 1920, maar die uitgesproke beleid van manne soos Sargant en Adamson het deurgewerk, en later tog vrug gedra, soos in latere hoofstukke aangetoon sal word.

In die jaarverslag oor die jaar 1907 [1)] het Adamson die wens uitgespreek om die aantal inspekteurs en hulle besoeke aan skole verdubbel, ja selfs vervierdubbel te sien, maar nie die inspeksie self nie. Dit is 'n saak wat vandag nog deur baie as 'n leemte in die onderwysstelsel gevoel word, dat die besoeke van inspekteurs so inderhaas moet geskied, en nie meer dikwels kan plaasvind nie, veral op afgeleë plekke waar onderlinge omgang tussen onderwysers so selde kan plaasvind, dat hulle mekaar nie kan besiel en bemoedig en van nuwe gesigspunte voorsien nie. Meer besoeke van inspekteurs, gepaard

1) Bl. 9.

met raadgewing, sal verhoed dat sulke onderwysers in 'n groef verval of belangstelling vir hulle werk verloor, maar dan moet dit geen inspeksiebesoeke wees nie. As geld so bestee word, sal dit goed bestee wees.

'n Opvallende verskynsel gedurende die eerste jare van die twintigste eeu was dat daar spoedig teenkanting teen die gebruik van eksterne eksamens gekom het. Dit is 'n verskynsel wat ook in ander lande voorgekom het. In Amerika, bv., is daar reeds vòòr die jaar 1890 besware geopper deur B.F. Patterson, Superintendent van Onderwys in Pottsville, Pa.[1] Kandel beskryf die toestand daar as volg:

„At the high school level the domination of college entrance examinations began to be attacked (before the close of the century). In the practice of the elementary schools examinations for promotion were subjected to criticism. In both cases the burden of the criticisms was based on the recognition that "uniformity of conditions in pupils does not exist;" pupils are unequal in mental ability, vigor, ambition, application, home advantages, and health."

En weer sê Kandel (bl. 29):

„The result of the unrest was indicated in the answers to a questionnaire which showed that, while the written examination was still used to determine fitness for promotion from class to class and from school to school, there was a strong tendency to rely on the judgment or estimates of the teachers, sometimes alone, sometimes supplemented by an examination."

Hier dien daarop gewys te word dat die besware gegrond was op die onbetroubaarheid van die ou tipe eksamen sowel as van die eksterne eksamen.

Die Transvaalse onderwysstelsel, soos deur Sargant ingevoer, was grotendeels gebaseer op die Engelse en Kanadese stelsels, waarmee Sargant goed op hoogte was, maar die stelsel moes by die nuwe landsomstandighede aangepas word en moes gevolglik proefondervindelik opgebou word, d.w.s. in die lig van die ondervinding. Daar is dan ook vanaf die begin baie rondgetas en regulasies moes dikwels gewysig en vervang word. Hierdie jare, 1900 tot 1906, was in werklikheid wat Bornebusch 'n oorgangstydperk genoem het[2].

Vir die inspekteurs het die direkteur niks as lof gehad nie.

---

1) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the U.S., bl. 28.
2) Bornebusch, H.O.: Das Unterrichtswesen Transvaals, bl. 11.

Tydens die derde sitting van die Wetgewende Raad van die Transvaal het hy die Raad meegedeel[1] dat die gemiddelde onderwysondervinding van die dertien inspekteurs nege jaar was. Twaalf van hulle was gegraduoerdes van Oxford of Cambridge of London of die Kaapse Universiteit, en slegs een, uit Kanada afkomstig, was ongegradueerd.

> „He might say there was no department which had in its service men who had shown better ability or greater business capacity. ........ They had worked themselves to the bone in the service of the Government, and he thought, together with their teachers, there were no men who sufferdd greater hardships."

---

1) Debates of the Third Session of the Legislative Council of the Transvaal 1904, bl. 118.